BYBELVASVRA
Postnet (Aandag: Dr. Hennie Schmidt)
Elridge Corner
Boksburg 1459
Sel: 0846036037
E-pos: rrbbybelvasvra@gmail.com

BYBELVASVRA: SKRIFGEDEELTES 2019 EN VRAESTELINLIGTING

NB Finale rondte vind plaas by ATKV Hartenbos

A. SKRIFGEDEELTES - SENIOR AFDELING

Rondte 1: 1 Samuel 1 - 11 Johannes 1 - 6

Rondte 2: 1 Samuel 12 – 19 Johannes 7 – 12

Finaal: Al die voorgeskrewe gedeeltes van beide rondtes.

B. SKRIFGEDEELTES – JUNIOR AFDELING

Rondte 1: Genesis 12 – 16 en Lukas 1:1 - 65

Rondte 2: Genesis 17 – 20 en Lukas 2:1 - 52

Ek stuur ook konsepvrae saam as voorbeelde van watter tipe vrae gevra word.

B. VRAESTEL-INLIGTING

SENIOR-VRAESTELLE in AFRIKAANS en ENGELS

Eerste en tweede Rondte:

Afd. A: Meervoudige Keuse	–	6 minute	20 punte	Geen Bybels
Afd. B: Kortvrae	–	6 minute	20 punte	Geen Bybels
Afd. C: Pasmaats	–	10 minute	20 punte	Bybels
Afd. D: Versbou	–	10 minute	20 punte	Bybels
Afd. E: Blokraai	–	5 minute	10 punte	Geen Bybels

Afd. F: Snelsoek – 4 minute 10 punte Bybels

Finale Rondte (Top 10 spanne):

Afd. A: Meervoudige Keuse	–	7 minute	30 punte	Geen Bybels
Afd. B: Kortvrae	–	7 minute	30 punte	Geen Bybels
Afd. C: Pasmaats	–	8 minute	30 punte	Bybels
Afd. D: Versbou	–	8 minute	30 punte	Bybels
Afd. E: Blokraai	–	6 minute	20 punte	Geen Bybels
Afd. F: Snelsoek	–	3 minute	10 punte	Bybels

By Afdelings A, B en F sal duidelik aangedui word waar twee antwoorde / twee woorde nodig is.

JUNIOR- VRAESTELLE in AFRIKAANS en ENGELS

Eerste en tweede Rondte:

Afd. A: Meervoudige Keuse	–	10 minute	25 punte	Geen Bybels
Afd. B: Kortvrae	–	10 minute	25 punte	Geen Bybels
Afd. C: Snelsoek	–	6 minute	10 punte	Bybels

Die Junior-afdeling is ingestel om te help om die jonger kinders lus te maak vir die vasvra.Dit is spesifiek vir spanne wat die eerste keer inskryf. Graad 4 en 5 leerders kan deel van ‘n Junior span wees. Hulle Skrifgedeeltes is makliker en die vraestel het net drie afdelings(Meervoudigekeusevrae, Kortvrae en Snelsoek) Die vrae word ook meer direk gestel en het ook net een antwoord.
Die Top Junior span sal beloon word met ‘n kontantprys van R 1000, 00 en ‘n spesiale sertifikaat as Junior wenner. Spesiale sertifikate sal ook gegee word aan die spanne wat tweede, derde, vierde en vyfde eindig. Al die ander spanne sal deelname sertifikate ontvang.
Dit staan egter ‘n afrigter vry om Graad 5 leerders saam met Graad 6 en 7 leerders in te skryf vir die Senior vraestel. Sodoende word hulle sommer dadelik gewoond aan die groter eise, maar kry waardevolle ondervinding. Dit sal dan baie makliker vir die Graad 5 leerders wees as hulle weer die volgende jaar deelneem.
Die Juniors skryf in dieselfde lokaal as die Seniors en wel Afdelings A en B wanneer die Seniors Afdelings C en D skryf. Afdeling F van die Seniors en Afdeling C van die Juniors word gelyktydig geskryf. Die Juniors begin twee minute voor die Seniors.

Kyk asseblief na die voorbeelde van vrae wat ingesluit is.

Ek vertrou dat vanjaar weereens ‘n aangename en leersame ervaring vir elkeen sal wees!

Vriendelike groete,

Dr. Hennie Schmidt
Organiseerder